# BETEKENIS VAN DEURE

## Kies jou Toekoms – Deel 4

**Lizette Du Piesanie 14/10/2018**

Daar is oral deure om ons. Deure kan ‘n ingang of uitgang wees. Dit kan ‘n brug of ‘n versperring wees. Dit kan of verwelkomend of onwelkom wees en dit kan aanvaarding of afkeuring bring. ‘n Deur kan ook ‘n vorm van beskerming wees.

DRIE GEESTELIKE DEURE:

1. **INGANGSDEUR**

**1.1.** Jesus is die eerste deur waardeur ons moet loop.

**Johannes 10:7-10 (‘53 Vertaling) “Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape. Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”**

**Lukas 13:23-25 (‘53 Vertaling) “Toe sê iemand vir Hom: Here, is die wat gered word, min? En Hy antwoord hulle: Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie. Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons oop — sal Hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie”**

**1.2.** Wanneer ons deur die deur loop maak Jesus ons vry van als wat ons vasgevang gehou het.

**Lukas 4:18 (‘53 Vertaling) “Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;”**

2. **DEUR VAN GEBED & GELEENTHEDE:**

**2.1.** Wanneer ons bid maak ons die deur toe, want dit is ‘n intieme gesprek tussen ons en God.

**Matteus 6:6 (‘53 Vertaling) “Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.”**

**2.2.** Gebed kan deure vir ons oop maak, ons moet dit nie afskeep nie. Ons moet aanhou bid en vra.

**Matteus 7:7 (‘53 Vertaling) “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.”**

**2.3.** Ons moenie tevrede wees om net met God oor oppervlakkige dinge te praat nie, ons kan vir God vra oor diep dinge ook.

**Spreuke 25:2 (’53 Vertaling) “Dit is die eer van God om ’n saak te verberg, maar die eer van konings om ’n saak na te speur.”**

**2.4.** God gee vir ons geleenthede en maak vir ons deure oop.

**Openbaring 3:7-8 (Bybel vir almal) “Jy moet vir die engel van die gemeente in die stad Filadelfia skryf: Die Heilige doen altyd wat Hy sê. Hy het die sleutel van koning Dawid. As Hy ’n deur oopsluit, dan kan niemand dit toesluit nie, en as Hy iets toesluit, dan kan niemand dit oopsluit nie. Hy sê: Ek weet wat jy doen. Jy is nie sterk nie, maar jy het gedoen wat Ek vir jou sê en jy was nie bang om te sê dat jy aan My behoort nie. Daarom het Ek vir jou ’n deur oopgemaak sodat jy by My kan wees.”**

**2.5.** Ons moet ook vir oop deure soek.

**1 Korintiërs 16:8-9 (’53 Vertaling) “Maar ek sal in Éfese bly tot Pinkster toe. Want ’n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders.”**

**Handelinge 14:27 (’53 Vertaling) “En toe hulle daar kom en die gemeente saamgeroep het, het hulle verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het, en dat Hy ’n deur van geloof vir die heidene geopen het.”**

## 3. UITGANGSDEUR

**3.1.** Dit is die laaste deur waardeur ons gaan op die aarde.

**Openbaring 4:1 (’53 Vertaling) “NÁ hierdie dinge het ek gesien — kyk, ’n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos ’n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.”**

**3.2.** Die laaste deur lei na een van twee plekke – na God toe of na Satan toe. Daar is geen plek vir tussenin mense nie.

**Lukas 13:23-27 (’53 Vertaling) “Toe sê iemand vir Hom: Here, is die wat gered word, min? En Hy antwoord hulle: Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie. Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te**

**staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons oop — sal Hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Dan sal julle begin sê: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate geleer. En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!"**

**3.3.** Net God weet wanneer ons voor die laaste deur gaan staan.

**Markus 13:28-29 ('53 Vertaling) "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur."**

**Luke 12:36 ('53 Vertaling) "En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop."**

**Openbaring 3:19-20 ('53 Vertaling) "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."**

## Gesprek Gits

## Betekenis van deure

## Kies jou toekoms – deel 4

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Weet jy waarlik waarnatoe jy gaan aan die einde van jou lewe? Verstaan jy hoekom jy soontoe gaan?
2. Is gebed nog deel van jou lewe of skeep jy dit af?
3. Waaroor praat jy met God wanneer jy bid? Is dit net oppervlakkige gesprekke of praat jy soms met God oor diep dinge?